

Woensdag 16 November

Skrifgedeelte: Job 29; Matteus 5:7

Fokusgedeelte: Job 29:13; Timoteus 2:22

Die hart van die mens – Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang!

Job gee vir ons ’n kykie op die goeie ou dae toe die HERE nog sy hand oor Job gehou het, voor al die moeilikheid begin het. God se lig het Job gelei. Job en sy kinders en almal wat van hom afhanklik was, kon die voorspoed geniet wat God oor hom uitgestort het. Job was dié leier in sy gemeenskap – hy is deur die jongmanne gerespekteer en die ander leiers het stilgebly om Job se raad te hoor.

Ons sien dan ook iets van Job se hart. Sy bewoënheid oor die behoeftiges. Hy is geëer omdat hy reg aan die armes, swakkes en verdruktes laat geskied het eerder as om hulle in eiebelang uit te buit. Hy het na blindes en kreupeles uitgereik. Job het iets geweet wat die HERE Jesus later sou leer, en dit is om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang!

Job het geglo dat sy goeie lewe vir hom groot voorspoed sou bring – ’n lang, sorgelose lewe sonder tekort; elke dag nuwe krag en eer. Hy was vriendelik en goedgesind teenoor alle mense en daarom was hy soos ’n koning onder sy mense.

Is daar ’n mooier beskrywing in die Bybel van ’n hart en gees van barmhartigheid as hierdie? Ja, Job was skatryk, maar niks het hom groter vreugde gegee as om die ellendiges te help nie. Kan daar ’n groter uitdaging vir dissipels van die HERE Jesus wees as om Job hierin na te doen?

Geseënd, salig is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word!

Sing: Psalm 112-2:1-3

Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)